Die ekonomiese groei gedurende 1977 het hoofsaaklik sy oorsprong gehad in die primêre sektore van die ekonomie, meer in die besonder in skerp stygings in die landbou- en nie-goudmynbouproduksie, en in mindere mate in die dienstesektore. In teenstelling hiermee het die reële inkome wat deur die handel en nywerheid geskep is, taamlik aansienlik afgeneem as gevolg van 'n daling in die totale reële binnelandse vraag. 'n Afplatting van die afwaartse neiging in die reële ekonomiese bedrywigheid in die handel en nywerheid het egter gedurende die tweede helfte van die jaar in die meeste afdelings van hierdie sektore na vore getree.

Die hoofkomponente van die reële binnelandse vraag, naamlik private en owerheidsverbruiksbesteding, bruto binnelandse vaste investering, en voorraad-investering, het gedurende 1977 almal gedaal. Teen heersende pryse is die binnelandse vraag, soos gemeet deur die bruto binnelandse besteding, in 1977 deur die bruto nasionale produk oorskry en die verskil is weerspieël deur 'n oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans. Dit het beteken dat baie vordering gemaak is met die verwesenliking van een van die onmiddellike beleidsdoelstellings, naamlik om die betalingsbalans te verstewig.

Vanaf die tweede kwartaal van 1976 het die aansienlike tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans progressief afgeneem en in die tweede kwartaal van 1977 het die seisoensaangesuiwerde saldo op die lopende rekening na 'n oorskot verander. 'n Positiewe saldo is gedurende die tweede helfte van die jaar gehandhaaf, met die gevolg dat 'n betreklik groot oorskot vir die jaar in sy geheel aangeteken is. Die aansienlike verdere verbetering van die lopende rekening gedurende 1977 is meegebring deur toenames in goedere-uitvoere en die netto goudproduksie sowel as deur afnames in goedere-invoere. Netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld het egter gedurende die jaar effens toegeneem.

In teenstelling met die verbetering in die lopende rekening van die betalingsbalans, het die kapitaal-

rekening in 1977 'n aansienlike netto uitvloeiing van kapitaal getoon, teenoor 'n aansienlike invloeiing gedurende die vorige jaar. Hierdie verandering in die kapitaalrekening is meegebring deur 'n kleiner netto invloeiing van langtermynkapitaal, terugbetalings van korttermynverpligtings verwant aan reserves, en 'n toename in die netto uitvloeiing van ander korttermynkapitaal. Die netto invloeiing van langtermynkapitaal na die private sektor, hoofsaaklik vir doeleindes van finansiering van mynbouprojekte, uraanproduksie en die behoueringsprogram, het op bykans dieselfde vlak as in 1976 gebly en die kleiner totale netto invloeiing van langtermynkapitaal gedurende 1977 was hoofsaaklik die gevolg van terugbetalings op buitelandse lenings deur die sentrale regering en die openbare korporasies.

Die effektiwiteit van die voortgesette beperkende monetêre en fiskale beleidsbenadering gedurende 1977 is weerspieël in 'n toename van slegs 7 persent in die voorraad geld en kwasi-geld. Die netto eise van die monetêre banksektor teen die regeringsektor het gedurende 1977, in vergelyking met die koerse van toename wat in die voorafgaande jare aangeteken is, slegs matig gestyg en beduidend tot die lae koers van toename in die hoeveelheid geld- en kwasi-geld bygedra. Die ander komponent van die binnelandse kredietverlening, naamlik die eise van die monetêre banksektor teen die private sektor, het ook teen 'n betreklik lae koers toegeneem. As gevolg van die betreklik klein toename in die bankkrediet wat aan die private sektor verleen is, het die onbenutte fasiliteite onder die plafonne op diskonteringe, lenings en voorskotte gedurende 1977 aanmerklik gestyg. Banklikwiteit het gedurende die jaar egter stram gebly en slegs in die geval van die handelsbanke het die likwiteitstoestand teen die einde van 1977 redelik betekenisvol verbruim. Gedurende Januarie 1978 het die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld effens afgeneem en die likwiteitstoestand van die monetêre bankinstellings het aansienlik vernou.

In ooreenstemming met die beleid van die regering om die groeikoers van die besteding deur die openbare sektor binne perke te hou, het die sentrale regering se eie besteding in 1977 slegs matig gestyg. Dit het die inkomste-tekort wat deur middel van lenings gefinansier moes word, verminder. In sy leningsbedrywighede het die regering opmerklik goed daarin geslaag om fondse van die binnelandse nie-banksektor op te neem en was hy in veel mindere mate as in vorige jare daartoe genoodsaak om op bankkrediet as 'n bron van fondse staat te maak. Afgesien van die feit dat dit bygedra het tot 'n laer koers van toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld, was die beperkte groei

van die regeringuitgawes ook 'n oorsaak van die daling in die reële totale binnelandse vraag.

Die leen van fondse van die private nie-banksektor is heelwat vergemaklik deur 'n verruiming van die toestand in die vaste-rentedraende-effekte-afdeling van die kapitaalmark. Gedurende 1977 is 'n aansienlike bedrag aan nuwe fondse teen dalende opbrengskoerse deur die openbare sektor in hierdie mark opgeneem. Benewens die feit dat die vaste-rentedraende-effekte-afdeling van die mark verruim het, het die omset en die pryse in die aandelemark gestyg, maar die bedrywigheid in die verband- en vaste eiendomsmark het op 'n lae vlak gebly.

Alhoewel die koers van toename in die gemiddelde vlak van verbruikerspryse in 1977 effens hoër was as in 1976, het dit in die loop van die jaar afgeneem. Die koers van toename in die gemiddelde vlak van groot-handelspryse het in 1977 gedaal en ook in die loop van die jaar verlangsaam maar het nogtans hoog gebly. As gevolg van die onlangse opwaartse aanpassing van staats-gedadministreerde pryse, word 'n hoër koers van prysstygings gedurende die eerste maande van 1978 verwag.




As 'n weerspieëling van die algemeen lae vlak van die ekonomiese bedrywigheid in die Suid-Afrikaanse ekonomie, het die indiensneming in die nie-landbou-sektore gedurende die eerste nege maande van 1977 effens gedaal in vergelyking met die ooreenstemmende tydperk van 1976. As gevolg van hierdie daling was die totale vraag na arbeid onvoldoende om die groeiende aanbod te absorbeer en werkloosheid het gedurende 1977 voortgegaan om onder alle bevolkingsgroepe te styg. Gedurende Januarie 1978 het die aantal werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs egter gedaal.

Nasionale rekeninge*

Klein maar positiewe ekonomiese groeikoers

Die stadige ekonomiese groei wat in die tweede helfte van 1974 begin het, het gedurende 1977 voortgeduur. Nadat die reële bruto binnelandse produk in 1975 met ongeveer 2½ persent en in 1976 met 1½ persent gestyg het, het dit in 1977 met ongeveer ½ persent

Bruto binnelandse produk teen konstante 1970-pryse



*Tensy anders aangedui is hierdie afdeling van die oorsig gebaseer op seisoensaangesuiwerde kwartaalramings van die nasionale rekeninge.

toegeneem. As gevolg van die verbetering in Suid-Afrika se ruilvoet, het die reële bruto nasionale produk gedurende 1977 egter met ongeveer 1 persent toegeneem, teenoor 'n afname van 1 persent gedurende die voorafgaande jaar.

Die vernaamste rede vir die lae ekonomiese groei koers gedurende 1977 was 'n skerp afname in die reële inkome geskep deur die handel en nywerheid, wat slegs in geringe mate deur 'n groot toename in die reële toegevoegde waarde van die primêre sektor en 'n normale koers van toename in die reële bruto binnelandse produk van die diensesektor oorskry is. Uitgesonderd die landbou en mynbou, het die reële toegevoegde waarde van die sekondêre en tersiêre sektore van die ekonomie met $1\frac{1}{2}$ persent gedaal, terwyl dit gedurende 1976 met dieselfde persentasie toegeneem het.

Die aansienlike toename in die reële inkome geskep deur die primêre sektor word verklaar deur skerp stygings in die landbou- en nie-goudmynproduksie. Gunstige weersomstandighede het uitsonderlik goeie somer-oeste en toenames in die produksie van sitrusvrugte en lewende hawe tot gevolg gehad. Die nie-goudmynproduksie is aangehelp deur 'n hoër uitvoervraag en deur nuwe hawegeriewe vir die uitvoer van minerale. Daarteenoor het die volume van die goudproduksie gedurende 1977 aangehou om te daal.

Die afname in die reële inkome geskep deur die handel en nywerheid gedurende 1977 was die gevolg van 'n daling in die reële totale binnelandse vraag. Soos in die bygaande tabel getoon word, is afnames in die reële toegevoegde waarde van die fabriekswese,

konstruksie en die klein-, groot- en motorhandel aangeteken. Die afname in die volume van die fabrieksproduksie was in ooreenstemming met die verloop van ander ekonomiese aanwysers soos fabrieksverkope en onvoltooide bestellings teen konstante pryse, en die benutting van produksiekapasiteit. Die groot- en kleinhandelsverkope teen konstante pryse het gedurende 1977 met onderskeidelik $6\frac{1}{2}$ persent en $8\frac{1}{2}$ persent gedaal en die aantal nuwe motorvoertuie verkoop het met bykans 15 persent afgeneem.

Die kwartaalramings van die reële bruto binnelandse produk het nie in die loop van 1977 enige bepaalde neiging getoon nie. So byvoorbeeld is dalings in die totale reële toegevoegde waarde in die eerste en derde kwartale aangeteken en toenames in die tweede en vierde kwartale van 1977. Gedurende die vierde kwartaal van 1977 is toenames in die reële toegevoegde waarde van die landbou, nie-goudmynbou, elektrisiteit en algemene owerheid slegs gedeeltelik geneutraliseer deur afnames aangeteken deur goudmynbou, konstruksie en groothandel, terwyl die reële toegevoegde waarde van ander belangrike sektore soos die fabriekswese, vervoer en finansiële dienste in vergelyking met dié in die derde kwartaal betreklik min verander het. Met die uitsondering van die landbou en mynbou het die reële toegevoegde waarde van die nie-primêre sektore van die ekonomie gedurende die laaste kwartaal van 1977 slegs effens toegeneem.

Teen heersende markpryse het die bruto binnelandse produk in 1977 teen 'n hoër koers as in die voorafgaande jaar toegeneem, naamlik met ongeveer 14 persent. Die koerse van toename in 1977 in die komponente van die bruto binnelandse produk verskil egter van dié in die voorafgaande jaar. Die vergoeding van werknemers het met slegs $10\frac{1}{2}$ persent gestyg teenoor $14\frac{1}{2}$ persent in 1976, die koers van toename in die bruto bedryfsurplus het van 9 persent in 1976 tot 18 persent in 1977 versnel, en indirekte belasting, ná aftrekking van subsidies, het met 25 persent toegeneem, vergeleke met 18 persent in 1976. Die versnelling van die koers van toename in die bruto bedryfsurplus gedurende 'n tydperk van gedempte ekonomiese toestande was die gevolg van 'n skerp toename in landbou-inkome wat aan hoër produksie en pryse toegeskryf kon word, verhoogde winste van mynbou-ondernemings, en die hoër inkome wat deur verhoogde tariewe vir elektrisiteit en vervoerdienste meegebring is. Die bedryfsurplus van die fabriekswese, konstruksie en die groot-, klein- en motorhandel het gedurende 1977 of gedaal of slegs 'n klein toename getoon.

Die verskil tussen die groei koerse van die bruto binnelandse produk teen heersende en teen konstante pryse gedurende 1977 impliseer 'n toename in die bruto binnelandse produk-deflator van ongeveer $13\frac{1}{2}$ persent, vergeleke met bykans 11 persent in 1976. Hierdie versnelling was hoofsaaklik te wyte aan 'n

Persentasieverandering in die reële bruto binnelandse en reële bruto nasionale produk

	1975	1976	1977
Primêre sektor	$-5\frac{1}{2}$	1	11
Landbou, bosbou en vissery	-8	-1	14
Goudmynbou	-6	$-\frac{1}{2}$	-2
Nie-goudmynbou	$\frac{1}{2}$	6	15
Handel en nywerheid	$3\frac{1}{2}$	$-\frac{1}{2}$	-6
Fabriekswese	2	$-\frac{1}{2}$	$-5\frac{1}{2}$
Konstruksie	$2\frac{1}{2}$	-7	-9
Elektrisiteit, gas en water	6	4	3
Groot-, klein- en motorhandel	5	1	$-7\frac{1}{2}$
Dienste	$4\frac{1}{2}$	4	$3\frac{1}{2}$
Vervoer, opberging en kommunikasie	7	5	$7\frac{1}{2}$
Finansies, versekering, vaste eiendom en besighheidsdienste	2	$1\frac{1}{2}$	$\frac{1}{2}$
Algemene owerheid	$5\frac{1}{2}$	6	4
Ander	4	4	3
Bruto binnelandse produk teen faktorkoste	$2\frac{1}{2}$	$1\frac{1}{2}$	$\frac{1}{2}$
Bruto nasionale produk	-1	-1	1

styging in die gemiddelde prys van goud, hoër pryse van ander uitvoere, tariefverhogings vir elektrisiteits- en vervoerdienste, en hoër indirekte belastings.

Aansienlike afname in die reële totale binnelandse vraag

Die reële totale binnelandse vraag, soos gemeet deur die reële bruto binnelandse besteding, het gedurende 1977 met ongeveer 5 persent gedaal nadat dit gedurende 1976 met naastebly 2½ persent afgeneem het. Al die hoofkomponente van die reële bruto binnelandse besteding het gedurende 1977 gedaal.

Teen heersende pryse het die jaarlikse bruto nasionale produk in 1977 die jaarlikse bruto binnelandse besteding vir die eerste keer in nege jaar oorskry. Hierdie ontwikkeling is in die lopende rekening van die betalingsbalans weerspieël en die saldo het van 'n groot tekort in 1976 na 'n oorskot in 1977 verander.

Verandering in reële bruto binnelandse besteding

	1975	1976	1977
Private verbruiksbesteding (%)	2½	2	-½
Owerheidsverbruiksbesteding (%)	15	5½	-1
Bruto binnelandse vaste investering (%)	9	-3	-10
Verandering in voorrade (R miljoene)	186	-349	-388
Bruto binnelandse besteding (%)	1	-2½	-5


Daling in die reële private verbruiksbesteding

Die skerp daling in die reële bruto binnelandse besteding gedurende 1977 kon in groot mate toegeskryf word aan 'n laer vlak van die reële private verbruiksbesteding, die eerste jaarlikse daling gedurende die na-oorlogse tydperk. Matige toenames in

Persentasieverandering in reële private verbruiksbesteding

	1975	1976	1977
Duursame goedere	4	-3	-15
Meubels en huishoudelike toestelle	-14	-8	-5
Persoonlike vervoertoerusting	1	-17	-10
Ander goedere, insluitende televisiestelle	80	32	-34
Semi-duursame goedere	3	½	-4½
Klerasie en skoeisel	4	2	-6
Ander goedere	2	-1½	-3½
Nie-duursame goedere	3	3	3
Dienste	2	4½	3
Totaal	2½	2	-½

Bruto binnelandse besteding teen konstante 1970-pryse



die reële besteding aan nie-duursame goedere en aan dienste is deur 'n afname in die reële besteding aan duursame en semi-duursame goedere oorskry. Laasgenoemde daling het verband gehou met die laer koers van toename in die reële beskikbare inkome wat uit 'n styging in persoonlike belasting voortgespruit het, die afwesigheid van enige algemene salaris- en loonskaalverhogings, veral in die openbare sektor, en groter werkloosheid. Daarbenewens het die persoonlike besparing toegeneem op grond van die heersende ekonomiese onsekerhede.

Op 'n kwartaalbasis het die reële private verbruiksbesteding gedurende die eerste helfte van 1977 min verandering getoon maar gedurende die derde en vierde kwartale effens gestyg. Die styging gedurende die vierde kwartaal het oor 'n wye front voorgekom maar was veral opmerklik in die geval van die reële besteding aan persoonlike vervoertoerusting en aan klerasie en skoel.

Klein daling in reële owerheidsverbruiksbesteding

In ooreenstemming met die owerheid se beleid om die besteding in te kort, het die reële verbruiksbesteding deur openbare owerhede gedurende 1977 effens gedaal nadat dit gedurende 1976 en 1975 met onderskeidelik $5\frac{1}{2}$ persent en 15 persent gestyg het. Die klein daling in 1977 word deur alle vlakke van die openbare owerhede verklaar. Die reële salarisse en lone het met ongeveer 4 persent gestyg, vergeleke met 'n toename van $5\frac{1}{2}$ persent in die vorige jaar, maar die reële besteding aan goedere en ander dienste het met ongeveer 6 persent gedaal, hoofsaaklik as gevolg van 'n vermindering in reële verdedigingsuitgawes.

Kwartaalamings toon dat die reële owerheidsverbruiksbesteding in die loop van 1977 matig gedaal het, behalwe in die derde kwartaal toe 'n klein styging aangeteken is.

Aansienlike afname in reële bruto binnelandse vaste investering

Die reële bruto binnelandse vaste investering het gedurende 1977 met ongeveer 10 persent afgeneem, vergeleke met 'n daling van 3 persent gedurende die voorafgaande jaar, en dit was 'n belangrike faktor in die totale afname in die reële bruto binnelandse besteding. Soos in die bygaande tabel getoon word, het die reële vaste investering deur die private sektor sowel as die openbare owerhede afgeneem, terwyl dié deur openbare korporasies effens toegeneem het.

In die private sektor is laer vlakke van reële vaste investering in die fabriekswese, mynbou, die groot- en kleinhandel en woningboukonstruksie aangeteken. Slegs in die private vervoersektor het die reële vaste kapitaalbesteding toegeneem as gevolg van die aankoop van skepe vir die behoueringsprogram en die uitvoer van ystererts.

Openbare korporasies se reële vaste kapitaalbesteding aan fabriekswese het in 1977 skerp gestyg

Persentasieverandering in reële bruto binnelandse vaste investering

	1975	1976	1977
Private sektor	3	-9	-9
Mynbou	23	$-3\frac{1}{2}$	-8
Fabriekswese	8	-5	-13
Handel	-14	-10	-14
Vervoer	12	-20	92
Woningboukonstruksie	-17	-8	-19
Openbare korporasies	26	-1	1
Fabriekswese	-15	-30	51
Elektrisiteit, gas en water	51	32	20
Ander (mynbou, vervoer, ens.)	67	-6	-56
Openbare owerhede	14	5	-19
S.A. Spoorweë	21	29	-30
Algemene afdelings	9	-6	-11
Totale bruto binnelandse vaste investering	9	-3	-10

as gevolg van verhoogde besteding deur Sasol aan die nuwe olie-uit-steenkool-projek. Die reële vaste investering deur openbare korporasies vir die voorsiening van elektrisiteit, gas en water het weer skerp gestyg, alhoewel teen 'n laer koers as in die voorafgaande twee jare, as gevolg van Evkom se besteding aan die kernkragsentrale in die Wes-Kaap. Die aansienlike afname in die ander komponente van die reële vaste kapitaalbesteding deur openbare korporasies is toe te skryf aan die voltooiing van sekere mynbouprojekte in 1976 en die voltooiing van die Sishen-Saldanha-projek vir die uitvoer van ystererts.


As weerspieëling van die beleid van die owerheid om kapitaalbesteding te besnoei, het die reële vaste kapitaaluitgawes van openbare owerhede gedurende 1977 afgeneem. Die skerp ommeswaai in die reële vaste investering deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë was toe te skryf aan die voltooiing van 'n program met betrekking tot die aankoop van nuwe vliegtuie.

Kwartaalamings dui daarop dat die reële bruto binnelandse vaste kapitaalbesteding deur openbare owerhede vanaf die vierde kwartaal van 1976 ononderbroke gedaal het. Ná 'n aansienlike afname gedurende die tweede kwartaal van 1977, het die private sektor se reële vaste kapitaalbesteding in die derde kwartaal matig toegeneem en in die vierde kwartaal min verandering getoon. Die reële vaste investering deur openbare korporasies het gedurende al vier kwartale van 1977 op 'n hoë vlak gebly vanweë verhoogde besteding deur Sasol en Evkom.

Verdere skerp afname in reële voorraadinvestering

Die vlak van die totale voorrade teen konstante 1970-pryse het in 1977 met R388 miljoen afgeneem, wat nie net aansienlik tot die verdere afname in die reële totale binnelandse vraag bygedra het nie, maar ook tot

Voorraadverhoudings



aangewend om die land se netto skuldposisie teenoor die res van die wêreld te verminder. Die verbetering in die binnelandse besparing het die verhouding van die binnelandse besparing tot die bruto binnelandse produk in 1977 op bykans 27 persent te staan gebring, vergeleke met 'n gemiddelde jaarlikse verhouding van ongeveer $24\frac{1}{2}$ persent gedurende die tydperk 1970 tot 1976. Toenames is aangeteken in al die komponente van die bruto binnelandse besparing, naamlik die voorsiening vir waardevermindering, die lopende surplus van die algemene owerheid en maatskappy- en persoonlike besparing.

'n afname in die volume van goedere-invoere. Verdere skerp afnames in die reële nywerheids- en handelsvoorrade van die private sektor is ietwat verminder deur toenames in die reële landbouvoorrade in die handel, die reële nywerheidsvoorrade van openbare korporasies, en die vee-inventaris teen konstante pryse.

Kwartaalramings toon dat die reële voorrade vanaf die eerste kwartaal van 1976 onafgebroke gedaal het, maar dat die afname in die loop van 1977 progressief kleiner geword het. Die verdere afname in die totale reële nie-landbouvoorrade en die klein toename in die ooreenstemmende reële bruto binnelandse produk het die voorraadverhouding in die vierde kwartaal van 1977 tot 31,7 persent verlaag, in vergelyking met 32,0 persent in die derde kwartaal en die mees onlangse hoogtepunt van 36,1 persent in die derde kwartaal van 1975.

Merkbare verbetering in bruto binnelandse besparing

Die bruto binnelandse besparing het in 1977 'n aansienlike toename van R2 076 miljoen getoon, in vergelyking met 'n gemiddelde jaarlikse toename van ongeveer R700 miljoen gedurende die voorafgaande ses jaar. Vir die eerste keer in nege jaar het die totale binnelandse besparing in 1977 die bedrag wat benodig was om die bruto binnelandse investering te finansier, oorskry. Gevolglik is 'n bedrag van R751 miljoen

Konjunkturoneigings, arbeidstoestand en pryse

Afplatting van die dalende neiging in die reële ekonomiese bedrywigheid


Die algemene sikliese daling in die reële ekonomiese bedrywigheid het gedurende 1977 voortgeduur, maar dit wil voorkom asof die afwaartse neiging gedurende die tweede helfte van die jaar afgeplat het. Nadat die reële ekonomiese bedrywigheid in die nie-landbousektore van die ekonomie vir vier agtereenvolgende kwartale afgeneem het, het dit gedurende die tweede kwartaal van 1977 toegeneem. Gedurende die derde kwartaal is 'n effense afname aangeteken, maar dit is weer deur 'n toename gedurende die vierde kwartaal gevolg. Die neiging na 'n meer stabiele ekonomiese toestand het in die meeste afdelings van die handel en nywerheid begin duidelik word. Die volume van die fabrieksproduksie het gedurende die laaste drie kwartale van 1977 min of meer op die vlak gebly waartoe dit in die eerste kwartaal gedaal het. Die afname in groot- en kleinhandelsverkope teen konstante pryse, uitgesonderd motorvoertuie, het gedurende 1977 voortgeduur, maar die koers van afname het in die loop van die jaar progressief kleiner geword. Die aantal nuwe motorvoertuie verkoop het teen die einde van 1977 betekenisvol toegeneem. Slegs in die konstruksiesektor het die reële bedrywigheid sy afwaartste beweging voortgesit.

In teenstelling met die ekonomiese toestand in die handel en nywerheid, wat nog steeds gedemp was, het die reële ekonomiese bedrywigheid in die primêre sektore gedurende 1977 steeds toegeneem, en was dit verantwoordelik vir die klein positiewe reële ekonomiese groeikoers wat vir die jaar aangeteken is.

Laer vlak van werkverskaffing in die nie-landbousektore van die ekonomie

Die sikliese lae vlak van die ekonomiese bedrywigheid in die meeste sektore van die Suid-Afrikaanse ekonomie gedurende 1977 is deur die indiensnemingstoestand weerspieël. Na 'n toename van 2,4 persent in 1975 en 2,0 persent in 1976, was die werkverskaffing in die nie-landbousektore van die ekonomie in die eerste nege maande van 1977 gemiddeld 0,2 persent laer as in die ooreenstemmende tydperk in 1976. Hierdie laer vlak van die nie-landbouwerkverskaffing in die betrokke tydperk van nege maande is deur 'n afname van 3,1 persent in die indiensneming in die private nie-mynbousektore van die ekonomie meegebring. In die private mynbousektor het die werkverskaffing met 5,8 persent gestyg. Indiensneming in die openbare sektor het in hierdie tydperk ook gestyg, naamlik met 2,1 persent. 'n Afname in indiensneming in die fabriekswese, konstruksie, die groot- en kleinhandel, finansiële instellings en die hotelrywerheid het tot die laer vlak van die nie-landbouwerkverskaffing in die private nie-mynbousektore bygedra.

Werkverskaffing in die nie-landbousektore



Kwartaalsyfers dui aan dat die seisoensaangesuiwerde vlak van die werkverskaffing in die nie-landbousektore van die ekonomie gedurende die vierde kwartaal van 1976 en die eerste kwartaal van 1977 afgeneem het en daarna gedurende die tweede en derde kwartale van 1977 min of meer onveranderd gebly het.

Die totale vraag na arbeid onder die heersende resessionêre toestande het geblyk onvoldoende te wees om die groeiende aanbod van arbeid te absorbeer, en die werkloosheid het gedurende 1977 bly styg. So het die seisoensaangesuiwerde aantal geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs ononderbroke van 21 084 in Desember 1976 tot 34 641 in Desember 1977 toegeneem, maar in Januarie en Februarie 1978 tot 30 207 en 30 642 onderskeidelik gedaal. Die afname in die eerste twee maande van 1978 het onder al

drie bevolkingsgroepe voorgekom. In die derde kwartaal van 1977 het die geregistreerde werkloosheid onder hierdie bevolkingsgroepe 1,7 persent van die ooreenstemmende arbeidsmag beloop. Dit word geraam dat die aantal werklose swartes aan die einde van 1977 634 000, of 12,4 persent van die ekonomiesbedrywige Swart bevolking, beloop het.

In ooreenstemming met die laer vlak van die indiensneming in die fabriekswese en konstruksie in die eerste tien maande van 1977, het die totale aantal ure gewerk deur produksiewerkers in hierdie sektore gedurende die betrokke tydperk skerp afgeneem, vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in 1976. Die gemiddelde aantal oortyd-ure wat in die fabriekswese en konstruksie gewerk is, het in 1976 tot 'n betreklik lae vlak gedaal en het gedurende die eerste tien maande van 1977 op hierdie vlak gebly. Die verhouding van oortyd-ure tot gewone ure gewerk, het egter in die geval van die fabriekswese 'n klein afname getoon, terwyl dit in die konstruksiesektor onveranderd gebly het.

Ure gewerk deur produksiewerkers in fabriekswese en konstruksie

	1975	1976	1977
Persentasieverandering in totale ure gewerk:			
Fabriekswese	-0,8	-0,4	-8,6 ¹
Konstruksie	-0,1	-8,1	-7,9 ¹
Oortyd-ure as persentasie van gewone ure gewerk:			
Fabriekswese	11,5	10,6	10,4 ²
Konstruksie	11,2	9,9	9,9 ²

1 Eerste tien maande van 1977 vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in 1976

2 Eerste tien maande van 1977

Die koers van toename in die gemiddelde vergoeding per werknemer in die nie-landbousektore van die ekonomie, het vanaf 12,9 persent in 1976 tot 9,5 persent vir die eerste nege maande van 1977, vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in 1976 verlangsaam. Met inagneming van die styging in die lewenskoste, het die reële vergoeding per werknemer in die eerste nege maande van 1977 vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in 1976 met 1,6 persent afgeneem, nadat dit in 1976 met 'n soortgelyke persentasie gestyg het. Soos in die bygaande tabel getoon word, het die koers van toename in die reële vergoeding van Nie-Blanke werknemers gedaal, terwyl die reële vergoeding van Blanke werknemers voortgegaan het om 'n werklike afname te toon.

Persentasieverandering in salarisse en lone per werker in die nie-landbousektore

	1975	1976	1977*
Blankes:			
Teen heersende pryse	13,5	10,1	7,5
Teen konstante pryse	—	-0,9	-3,4
Nie-Blankes:			
Teen heersende pryse	23,7	16,7	11,8
Teen konstante pryse	9,0	5,0	0,4
Alle rasse:			
Teen heersende pryse	17,5	12,9	9,5
Teen konstante pryse	3,5	1,6	-1,6

*Eerste drie kwartale van 1977 vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in 1976.

Volgehoue hoë koers van prysstygings

Die gemiddelde maandelikse verbruikersprysindeks het in 1977 met 11,3 persent gestyg, vergeleke met stygings van 11,1 persent en 13,5 persent in 1976 en 1975 onderskeidelik. Hierdie effense versnelling was die gevolg van hoër koerse van toename in die pryse van verskeie klasse goedere soos graanprodukte, vrugte, suiker en verwante produkte, nie-alkoholiese drank en meubels, sowel as in die pryse van dienste uitgesonderd huis- en woonstelhuur en huiseienaarskoste.


Kwartaallikse stygings in die verbruikersprysindeks het egter gedurende 1977 verlangsaam. Ná 'n styging teen 'n jaarkoers van 13,3 persent in die eerste kwartaal, het die seisoensaangesuiwerde prysindeks teen 'n jaarkoers van 11,8 persent in die tweede, 10,8 persent in die derde en 9,1 persent in die vierde kwartaal gestyg. Van Januarie 1977 tot Januarie 1978 het die verbruikerspryse met 11,3 persent gestyg.

Die gemiddelde maandelikse groothandelsprysindeks van goedere vir binnelandse aanwending het in 1977 met 12,9 persent gestyg, teenoor 15,1 persent en 17,3 persent in 1976 en 1975 onderskeidelik. Die laer koers van toename in 1977 was die gevolg van 'n laer koers van toename in die pryse van binnelandsegeproduseerde sowel as ingevoerde goedere gedurende die tweede helfte van die jaar. Met uitsondering van hoër koerse van toename in die pryse van vervaardigde tekstiele, voedsel en drank en in elektrisiteitstariewe, het die pryse van alle ander binnelandsegeproduseerde goedere in 1977 teen laer koerse as in die voorafgaande jaar gestyg.

Op 'n kwartaallikse basis het die seisoensaangesuiwerde groothandelsprysindeks in die eerste kwartaal van 1977 teen 'n jaarkoers van 16,0 persent gestyg. Daarna het die jaarkoers van toename tot 13,3 persent in die tweede en 6,3 persent in die derde kwartaal verlangsaam, voordat dit in die vierde kwartaal marginaal tot 7,1 persent gestyg het. Van Desember 1976 tot Desember 1977 het die groothandelspryse met 9,9 persent gestyg.

As gevolg van onlangse opwaartse aanpassings van staatsgeadministreerde pryse, word hoër koerse van toename in groothandels- en verbruikerspryse gedurende die eerste paar maande van 1978 verwag.

Verbruikerspryse



Betalingsbalans

Aansienlike oorskot op lopende rekening

Die verbetering in die lopende rekening van die betalingsbalans vanaf die tweede kwartaal van 1976 het gedurende 1977 voortgeduur en 'n oorskot van R751 miljoen is vir die jaar aangeteken, teenoor 'n tekort van R1 630 miljoen in 1976. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die tekort op die lopende rekening in die eerste kwartaal van 1976 R2 416 miljoen bedra maar daarna progressief afgeneem tot R427 miljoen in die eerste kwartaal van 1977. Gedurende die tweede kwartaal van 1977 het die saldo op die lopende rekening verander na 'n oorskot teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R1 116 miljoen, wat deur oorskotte van onderskeidelik R123 miljoen en ongeveer R2 192 miljoen in die derde en vierde kwartale gevolg is. Die aansienlike verbetering in die lopende rekening gedurende 1977 was die gevolg van skerp toenames in goedere-uitvoere en die netto goudproduksie sowel as 'n afname in goedere-invoere. In teenstelling hiermee het netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld gedurende die jaar effens toegeneem.

Net soos gedurende die voorafgaande jaar, het goedere-uitvoere gedurende 1977 aansienlik toegeneem, naamlik vanaf R4 889 miljoen in 1976 tot R6 332 miljoen in 1977, 'n toename van bykans 30 persent. Hierdie skerp stygende neiging het vroeg in 1976 begin en goedere-uitvoere het, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, vanaf R4 248 miljoen in die eerste kwartaal van 1976 tot R7 034 miljoen in die vierde kwartaal van 1977 toegeneem. In teenstelling met die voorafgaande jaar toe prysstygings die grootste bydrae tot die hoër vlak van goedere-uitvoere gemaak het, was 'n aansienlike toename in die volume hoofsaaklik vir die skerp styging gedurende 1977 verantwoordelik. Alhoewel Suid-Afrika se uitvoerpryse gedurende 1977 verder gestyg het, het die koers van toename in die loop van die jaar verlangsaam, in ooreenstemming met die algemene daling in pryse op die internasionale kommoditeitsmarkte vanaf die tweede kwartaal van die jaar.

Die toename in goedere-uitvoere het onder 'n wye reeks kommoditeite voorgekom, maar 'n buitengewoon groot toename is in diamantuitvoere aangeteken as gevolg van 'n groter wêreldvraag en opwaartse prysaanpassings van 15 persent in Maart en 17 persent in Desember 1977. Die volume van ystererts- en steenkooluitvoere het ook aansienlik gestyg ná die opening van die hawens by Saldanhabaai en Richardsbaai. 'n Gunstige wêreldvraag het tot 'n skerp toename in die uitvoer van uraan en chroomerts gelei. Ondanks 'n daling in die internasionale suikerprys, het suikeruitvoere, as gevolg van 'n styging in die volume uitvoer, skerp toegeneem. Prysstygings was hoof-

saaklik vir die skerp styging in die waarde van sitrus- en woluitvoere verantwoordelik. In teenstelling hiermee, was die uitvoer van mielies en sagtevrugte laer as in die voorafgaande jaar.

Nadat die waarde van die netto goudproduksie gedurende die voorafgaande twee jare afgeneem het, het dit van R2 346 miljoen in 1976 tot R2 795 miljoen in 1977, of met 19,1 persent, toegeneem. Die vlak van die netto goudproduksie het in elk van die vier kwartale


van 1977 dié van die ooreenstemmende kwartale van die voorafgaande jaar oorskry, maar het veral in die vierde kwartaal skerp gestyg en teen 'n seisoens-aangesuiwerde jaarkoers R3 274 miljoen bedra. Die toename in die netto goudproduksie in 1977 was geheel en al toe te skryf aan 'n skerp styging in die goudprys, aangesien die volume van die goudproduksie gedurende hierdie tydperk in werklikheid effens gedaal het. Die maandelikse gemiddelde goudprys per fyn ons op die Londense mark het van 'n onderste draaipunt van \$109,99 in Augustus 1976 tot \$178,26 in Februarie 1978 toegeneem. In 1977 was die gemiddelde goudprys op die Londense mark 18,3 persent bo dié van die voorafgaande jaar.

Vir die eerste keer sedert 1972 het die waarde van goedere-invoere gedurende 1977 afgeneem. Die seisoens-aangesuiwerde waarde van goedere-invoere het gedurende die tweede helfte van 1976 begin daal en hierdie neiging is gedurende die eerste helfte van 1977 voortgesit. Daarna het dit gedurende die tweede helfte van die jaar weer matig toegeneem. Die skerp afname in die waarde van goedere-invoere vanaf R7 443 miljoen in 1976 tot R6 893 miljoen in 1977, 'n afname van 7,4 persent, is toe te skryf aan 'n laer volume van invoere wat gepaard gegaan het met 'n algemene afname in die totale reële binnelandse vraag. Die volume van invoere het gedurende die afgelope drie jare teen 'n versnellende koers afgeneem en in 1977 'n relatiewe laagtepunt bereik. In verhouding tot die reële bruto binnelandse produk het dit tot 14,8 persent afgeneem, die laagste syfer sedert 1962 en 'n persentasie wat heelwat laer is as die gemiddelde van 19 persent vir die na-oorlogse tydperk. Die afname in die volume van goedere-invoere is in 'n sekere mate deur 'n styging in invoerpryse geneutraliseer. Die sukses van handelsvennootlande om hul inflasiekoerse te beteuel het egter gelei tot 'n laer koers van toename in die invoerpryse gedurende 1977 as in die voorafgaande jaar.


Die afname in die waarde van goedere-invoere gedurende 1977 is in bykans al die belangrikste groepe goedere weerspieël. In die besonder het die invoer van masjinerie en elektriese toerusting skerp afgeneem en taamlik aansienlike afnames is ook ten opsigte van die invoer van tekstiele, basiese metale en plastiese en rubberprodukte aangeteken. Die invoer van vervoer-toerusting het aanvanklik gedurende 1977 ook 'n opmerkbare afname getoon, maar die aankope van nuwe skepe as deel van die behoueringsprogram en vir doeleindes van die uitvoer van minerale, het gedurende die tweede helfte van die jaar tot 'n aansienlike toename in hierdie invoerkategorie gelei. Die invoer van olie het gedurende 1977 aangehou styg, gedeeltelik as gevolg van die styging in die olieprys aan die begin van die jaar. Hierbenewens is toenames in die invoer van koffie en tee aangeteken.

In teenstelling met die verbetering in die ander lopende rekening-groothede, het netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld effens gestyg van

Lopende rekening van die betalingsbalans



Saldo op lopende rekening



R1 422 miljoen in 1976 tot R1 483 miljoen in 1977. Hierdie toename was die netto gevolg van 'n matige styging in dienstebetalings aan en laer netto ontvangste uit oordragbetalings van buitelanders, en is bykans geneutraliseer deur 'n toename in dienste-ontvangste van ander lande. Die toename in dienstebetalings is meegebring deur 'n skerp styging in nie-goedereversekering en die vergoeding van buitelandse trekwerkers in Suid-Afrika, wat die daling in vrag- en goedereversekering en dividend- en rentebetalings op buitelandse beleggings in Suid-Afrika oorskry het. Netto oordragbetalings het matig gedaal as gevolg van 'n toename in emigrantefondse wat na die buiteland oorgeplaas is. Die matige toename in dienste-ontvangste was op sy beurt toe te skryf aan groter verkope van bunkerolie aan buitelandse skepe en het 'n daling in rente- en dividendontvangste op beleggings in ander lande oorskry.

Aansienlike netto kapitaaluitvloeiing

Verskeie faktore, soos politieke onsekerhede in Suider-Afrika, 'n lae vlak van die binnelandse vaste investering, en 'n daling in die waarde van goedere-invoere, was verantwoordelik vir 'n groot netto uitvloeiing van kapitaal. Hierbenewens het netto terugbetalings op buitelandse lenings ook bygedra tot die netto kapitaaluitvloeiing wat gedurende 1977 R1 096 miljoen beloop het, vergeleke met 'n netto invloeiing van R1 110 miljoen gedurende 1976.

Die bygaande tabel toon dat alhoewel die netto invloeiing van langtermynkapitaal gedurende die afgelope twee jare aansienlik afgeneem het, 'n verdere matige invloeiing nogtans in 1977 aangeteken is. Hierdie netto invloeiing van langtermynkapitaal, tesame met die verbetering in die lopende rekening, het meegebring dat die basiese saldo van 'n negatiewe syfer in 1976 na 'n positiewe syfer in 1977 verander het. Hierdie gunstige basiese saldo het boonop van R61 miljoen in die eerste kwartaal tot R326 miljoen in

die tweede kwartaal toegeneem voordat dit tot R263 miljoen in die vierde kwartaal van 1977 gedaal het.


Die aansienlik kleiner netto invloeiing van langtermynkapitaal gedurende 1977 was eerstens te wyte aan 'n netto uitvloeiing vanaf die sentrale regering en banksektor, teenoor 'n matige invloeiing gedurende 1976. Hierdie netto uitvloeiing is hoofsaaklik meegebring deur netto terugbetalings op buitelandse lenings deur die sentrale regering. Tweedens was daar 'n opmerklieke afname in die netto invloeiing van langtermynkapitaal na openbare korporasies en plaaslike owerhede. Nuwe lenings wat deur openbare korporasies verkry is, in die besonder vir die finansiering van Sasol se nuwe olie-uit-steenkoolprojek en Evkom se kernkragsentrale, is in 'n groot mate deur terugbetalings op vroeëre lenings geneutraliseer. In teenstelling met hierdie ontwikkelings, het buitelandse langtermynlenings wat deur die private sektor verkry is, hoofsaaklik vir die ontwikkeling van mynbouprojekte, uraanproduksie en die behoueringsprogram, meegebring dat die netto invloeiing van langtermynkapitaal na hierdie sektor in 1977 op bykans dieselfde vlak as in die voorafgaande jaar gebly het.

Netto kapitaalbewegings

R miljoene

	1975	1976	1977
Langtermynkapitaal			
Sentrale regering en banksektor	331	148	-92
Openbare korporasies en plaaslike owerhede	718	606	80
Private sektor	697	235	223
Totaal	1 746	989	211
Korttermynkapitaal verwant aan reserwes	418	536	-221
Ander korttermynkapitaal, insluitende foute en onaangetekende transaksies	-238	-415	-1 086
Totaal	1 926	1 110	-1 096

Netto langtermynkapitaalbewegings




Gedurende 1977 is netto terugbetalings op kort-termynlaste verwant aan reserwes gemaak, terwyl groot bedrae gedurende die voorafgaande twee jare geleen is. Hierdie terugbetalings is in die laaste drie kwartale van die jaar gemaak en was betreklik groot in die tweede en vierde kwartale. Benewens hierdie terugbetalings, is 'n groot netto uitvloeiing van ander kort-termynkapitaal ten bedrae van R1 086 miljoen, insluitend foute en onaangetekende transaksies, gedurende 1977 aangeteken, vergeleke met matige uitvloeiings gedurende die voorafgaande twee jare.

Klein afname in die goud- en ander buitelandse reserwes

Betalingsbalanstransaksies en waardasie-aansuiweringe het daartoe gelei dat die bruto goud- en ander buitelandse reserwes gedurende 1977 matig met R99 miljoen tot 'n vlak van R788 miljoen aan die einde van die jaar gedaal het. 'n Effens groter afname van R124 miljoen is gedurende 1977 in die netto goud- en ander buitelandse reserwes aangeteken. Die netto terugbetalings van R221 miljoen op laste verwant aan reserwes is oorskry deur die uitwerking op die reserwes van verdere goudruiloorreënkomste en waardasie-aansuiweringe, wat gesamentlik R246 miljoen bedra het. Die netto goud- en ander buitelandse reserwes het in die loop van 1977 verbeter. Hierdie reserwes het, nadat dit in die eerste kwartaal met R162 miljoen en gedurende die daaropvolgende ses maande met 'n verdere R21 miljoen gedaal het, gedurende die vierde kwartaal met R59 miljoen gestyg. Gedurende Januarie het die bruto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank met R13 miljoen gedaal, hoofsaaklik vanweë verdere terugbetalings op buitelandse lenings, voordat dit weer gedurende Februarie met R8 miljoen gestyg het tot 'n vlak van R631 miljoen aan die einde van die maand.

Goud- en ander buitelandse reserwes



Monetêre en banktoestand

Verdere daling in die koers van toename in geld en kwasi-geld

Nadat dit gedurende 1976 teen 'n betreklik lae koers van 9 persent toegeneem het, het die hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende 1977 selfs teen 'n nog laer koers gestyg, naamlik met 7 persent. Die eng gedefinieerde geldvoorraad het ook teen 'n vergelykenderwys lae koers van 5 persent toegeneem, wat die koers van toename van 3 persent gedurende 1976 slegs effens oorskry het.

Op 'n kwartaalbasis het die koers van toename in die geld- en kwasi-geldvoorraad gedurende 1977 groot skommelings getoon. Nadat dit gedurende die eerste kwartaal teen 'n jaarkoers van 2 persent afgeneem het, het die seisoensaangesuiwerde geld- en kwasi-geldhoeveelheid gedurende die tweede en derde kwartale teen jaarkoerse van 27 persent en 6 persent, onderskeidelik, toegeneem voordat dit gedurende die vierde kwartaal weer teen 'n jaarkoers van 2 persent gedaal het.


Gedurende Januarie 1978 het die seisoensaangesuiwerde geld- en kwasi-geldvoorraad effens verder met R30 miljoen, of teen 'n jaarkoers van bykans 4 persent, gedaal.

Oorsake van verandering in geld en kwasi-geld


Die veel laer koers van toename in die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende die tweede helfte van 1977 was die gevolg van 'n daling in die netto eise van die monetêre banksektor teen die regeringsektor, 'n effens laer toename in bankkrediet aan die private sektor, en 'n hoër koers van toename in langtermyndeposito's by die monetêre banksektor. Die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor, daarenteen, het gedurende die tweede helfte van 1977 met 'n effens groter bedrag as gedurende die eerste helfte toegeneem.

Die seisoensaangesuiwerde netto eise van die monetêre banksektor teen die regeringsektor, wat gedurende die eerste helfte van 1977 met R438 miljoen gestyg het, het gedurende die tweede helfte met R225 miljoen gedaal. Hierdie verandering het die uitwerking weerspieël van 'n groot styging van R691 miljoen in regeringsdeposito's gedurende die tweede helfte van die jaar, wat slegs gedeeltelik deur toenames van R348 miljoen en R77 miljoen in die bruto eise teen die regeringsektor gedurende die derde en vierde kwartale, onderskeidelik, geneutraliseer is. Die eise teen die private sektor het, nadat dit gedurende die eerste kwartaal 'n marginale afname getoon het, gedurende die tweede kwartaal en Julie aansienlik toegeneem. Daarná het hierdie eise gedurende die oorblywende vyf maande van die jaar aanmerklik geskommel maar aan die einde van die jaar op

Monetêre ontleding



Oorsake van verandering in geld en kwasi-geld



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld

R miljoene

	Seisoens- invloed nie uitgeskakel nie	Seisoensinvloed uitgeskakel				
		1977				1978
		Jaar 1977	1e kwartaal	2e kwartaal	3e kwartaal	4e kwartaal
Netto goud- en ander buitelandse reserwes	60	-186	197	55	-7	127
Eise teen die regeringsektor						
Bruto eise	568					
Regeringsdeposito's (toename -, afname +)	-356					
Netto eise	212	340	98	-142	-83	158
Eise teen die private sektor	526	-12	285	265	-13	52
Langtermyndeposito's (toename -, afname +)	-423	-131	-20	-70	-205	-15
Netto ander bates	269					
Totale oorsake van veranderings	644	-38	556	151	-38	-30

nagenoeg dieselfde peil gestaan as aan die einde van Julie. Die koers van toename in die binnelandse kredietverlening, d.w.s. die som van die monetêre banksektor se netto eise teen die regeringsektor en sy eise teen die private sektor, het gevolglik van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 12 persent gedurende die eerste helfte van 1977 tot minder as 1 persent gedurende die tweede helfte verlangsam.

Die seisoensaangesuiwerde langtermyndeposito's van die private sektor by die banksektor het in elkeen van die vier kwartale van 1977 toegeneem. 'n Besonder skerp toename van R205 miljoen het gedurende die vierde kwartaal voorgekom, wat beduidend tot die daling in die seisoensaangesuiwerde geld- en kwasi-geldhoeveelheid gedurende daardie tydperk bygedra het.

Die oorsake van veranderings in die voorraad geld en kwasi-geld gedurende Januarie 1978 het merkbaar verskil van dié in die vierde kwartaal van 1977. Nadat dit gedurende die vierde kwartaal van 1977 'n klein afname getoon het, het die seisoensaangesuiwerde netto goud- en ander buitelandse reserwes gedurende Januarie aansienlik gestyg met R127 miljoen. Die seisoensaangesuiwerde netto eise teen die owerheidsektor het ook gedurende Januarie aansienlik gestyg met R158 miljoen nadat dit gedurende die voorafgaande twee kwartale gedaal het. Eise teen die private sektor het gedurende Januarie matig gestyg en langtermyndeposito's van die private sektor by die monetêre bankinstellings het aangehou styg.

Matige styging in bankkrediet aan die private sektor

Die bankkrediet aan die private sektor, wat gedurende 1976 met ongeveer 7 persent toegeneem het, het gedurende 1977 weer matig met 6 persent gestyg. Vergeleke met die tydperk 1973 tot 1975, toe die gemiddelde jaarlikse toename bykans 21 persent beloop het, was hierdie toenames betreklik klein. Die

krediet aan die private sektor het gedurende die eerste kwartaal van 1977 min verander en die grootste deel van die toename gedurende 1977 het gedurende die tydperk April tot Julie voorgekom toe die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename 19 persent beloop het. 'n Toename van R274 miljoen in die kaskredietvoorskotte van die Landbank en 'n toename van R139 miljoen in die banke se beleggings in effekte van die private sektor was hoofsaaklik vir die uitbreiding gedurende hierdie tydperk verantwoordelik. Tussen Augustus en Desember het die bankkrediet aan die private sektor, ná uitkakeling van die seisoensinvloed, effens met ongeveer R2 miljoen afgeneem.

Die diskonteringe en voorskotte van die handelsbanke, aksepanke en monetêre huurkoop- en algemene banke het gedurende 1977 met slegs ongeveer 2 persent gestyg. Die maandelikse veranderings was taamlik klein, behalwe in September toe 'n styging van R285 miljoen aangeteken is. Die huurkoop- en bruikhuurfinansiering wat deur die handelsbanke, aksepanke en monetêre huurkoop- en algemene banke verleen is, het gedurende 1977 teen 'n hoër koers toegeneem as die totale voorskotte, naamlik met ongeveer 10 persent. Krediet in die vorm van wissels wat deur hierdie bankinstellings verdiskonteer is, het egter skerp met R151 miljoen, of ongeveer 28 persent, gedaal, as 'n weerspieëling van 'n swak vraag na hierdie soort krediet.

As gevolg van die betreklik klein toename in die banke se voorsiening van lenings aan die private sektor gedurende 1977, het die bedrag van die onbenutte fasiliteite onder die plafonne op diskonteringe en voorskotte met R253 miljoen gestyg. Hierdie groei van die onbenutte fasiliteite het hoofsaaklik ná 1 September voorgekom, toe die maandelikse verhoging van die plafonne met $\frac{1}{2}$ persent weer in werking getree het ná 'n tydelike opskorting vanaf 1 April.

Die matige styging in bankkrediet aan die private sektor gedurende Januarie was aan 'n toename in die

diskonteringe en voorskotte van handelsbanke en 'n verdere netto belegging in effekte van die private sektor deur alle bankinstellings, in besonder die diskontohuise, toe te skryf.

Geringe verbetering in banklikwiditeit

Die oorskotlikwiditeit van bankinstellings was gedurende die eerste vyf maande van 1977 oor die algemeen op baie lae peile. Gedurende die tydperk Junie tot Desember het die oorskotlikwiditeit van bankinstellings ander as handelsbanke slegs effens verbeter. Die oorskotlikwiditeit van die handelsbanke het vanaf Junie tot September verswak voordat dit tot Desember bestendig verbeter het. Die verbetering gedurende Desember, wat moontlik van seisoenale aard was, is hoofsaaklik deur 'n toename van R101 miljoen in die werklike besit aan likwiede bates teweeggebring.

Die banke se vereiste minimum besit aan likwiede bates het gedurende 1977 met R201 miljoen of ongeveer 5 persent toegeneem, teenoor 'n toename in hul totale verpligtings teenoor die publiek van 7 persent. Hierdie verskil kan toegeskryf word aan 'n verandering in die termynstruktuur van hul deposito's en ander verpligtings as gevolg van 'n verskuiwing vanaf die kort-


Oorskotlikwiditeitsverhoudings van bankinstellings %

	1977						1978
	Mrt.	Jun.	Sept.	Okt.	Nov.	Des.	Jan.
Handelsbanke	1.1	4.8	2.2	3.6	3.9	4.7	1.8
Ander monetêre banke	2.0	0.5	0.6	0.6	0.2	0.9	0.7
Ander banke	-3.0	-2.9	-2.2	-1.2	-0.7	-1.1	0.3
Alle banke	1.2	3.2	1.5	2.4	2.5	3.3	1.3

termynkategorie na die middel- en veral na die langtermynkategorie.

Die oorskotlikwiditeit van die monetêre bankinstellings het gedurende Januarie 1978 weer gedaal. Handelsbanke se besit aan oorskot likwiede bates het byvoorbeeld van R410 miljoen aan die einde van Desember 1977 tot R155 miljoen aan die einde van Januarie gedaal. Die werklike besit aan likwiede bates van die handelsbanke het met R142 miljoen gedaal, hoofsaaklik as gevolg van 'n afname van R77 miljoen in daggeldlenings aan die diskontohuise, terwyl die vereiste likwiede bates met R113 miljoen gestyg het.

Likwiditeitsverhoudings van alle bankinstellings



Toestand op die geldmark en rentekoerse

Hoofsaaklik as gevolg van skerp skommelings in die seisoenale beweging van fondse na en van die regeringsektor, het die geldmark gedurende 1977 en vroeg in 1978 afwisselende tydperke van stramtheid en ruimte ondervind. Nadat dit gedurende Januarie en Februarie 1977 aanvanklik vernou het, het die toestand op die geldmark tot die begin van Julie verruim maar vervolgens oor die maandeindes van Julie en Augustus en gedurende September skerp vernou. Gedurende Oktober, November en Desember 1977 het die mark verruim maar vervolgens gedurende Januarie, Februarie en vroeg in Maart 1978 weer vernou.

By 'n aantal geleenthede gedurende 1977 en gedurende Januarie 1978 het die banke hul oorskot-saldo's by die Nasionale Finansiële korporasie uitgeput en hul daggeld by die diskontohuise verminder, wat daartoe gelei het dat laasgenoemde instellings die Reserwebank vir akkommodasie genader het. Oor die Augustus-maandeinde, toe die banke se nie-vereiste saldo's by die Nasionale Finansiële korporasie uitgeput is, het die banke se daggeld by die diskontohuise byvoorbeeld skerp met meer as R200 miljoen tot 'n vlak van R640 miljoen op 7 September gedaal. Skatkiswissels onder verdiskontering by die Reserwebank het op daardie datum R164 miljoen beloop. Gedurende Oktober, November en Desember 1977 was die banke in staat om hul saldo's by die diskontohuise en die Nasionale Finansiële korporasie op te bou, maar gedurende die daaropvolgende tydperk was hulle weer eens genoodsaak om dit te verminder. Daggeldlenings by die diskontohuise het op 28 Februarie met heelwat meer as R250 miljoen gedaal, met die gevolg dat die

Reserwebank op groot skaal akkommodasie moes verleen met die verdiskontering van skatkiswissels en, onder die hersiene stelsel van Reserwebank-akkommodasie (waarna hieronder verwys word), bankaksepte en die toestaan van oornaglenings.

Die skommelings wat deur die koerse op private geldmarkinstrumente aan die dag gelê is, het, alhoewel dit oor die algemeen gedurende 1977 'n afwaartse neiging getoon het, grotendeels die toestand op die geldmark weerspieël. Die koers op verhandelbare depositosertifikate van drie maande het byvoorbeeld van 10,25 persent op 25 Februarie tot 8,5 persent aan die begin van Julie gedaal, tot 9,2 persent op 30 September gestyg, weer tot ongeveer 8,7 persent gedurende die begin van Desember gedaal, en vervolgens skerp tot 9,75 persent op 3 Maart 1978 gestyg. Die diskontokoers op bankaksepte van drie maande het soortgelyke bewegings getoon. Die skatkiswissel-tenderkoers het gedurende 1977 en vroeg in 1978 marginaal geskommel maar hoofsaaklik opwaarts geneig van 7,81 persent op 7 Januarie 1977 tot 7,97 persent op 3 Maart 1978. Die depositorente-koerse van die groot handelsbanke het gedurende 1977 en vroeg in 1978 onveranderd gebly.

'n Aantal interessante ontwikkelings in die geldmark het gedurende 1977 plaasgevind. Eerstens het die Reserwebank, met die doel om die plaaslike korttermyn-rente-koerse in verhouding tot die koerse wat in die buiteland geheers het, op gepaste vlakke te hou, vanaf Mei begin om van tyd tot tyd staatseffekte in die ope mark aan die banke, diskontohuise en sekere institusionele beleggers te verkoop. Tweedens is, ten einde belangstelling in die weeklikse skatkiswissel-tender aan te moedig, die verskil tussen die skatkiswissel-tenderkoers en die daggeldkoers van die NFK met ingang 26 Augustus van 15 na 25 persentasiepunte verhoog. Derdens het die President van die Reserwebank, in sy Voorsittersrede van 1977, aangedui dat die Reserwebank bereid sou wees om die diskontohuise toe te laat om hul bankaksepte, tesame met skatkiswissels, te gebruik om akkommodasie van die Reserwebank te verkry. Nadat oorlegplegings met die banke en diskontohuise gevoer is, is hierdie gewysigde metode om bystand aan die diskontohuise te verleen met ingang 1 Januarie 1978 ingestel, met twee hoofogmerke: om die Reserwebank in staat te stel om die kwaliteit van bankaksepte wat as likwiede bates gesertifiseer is, sorgvuldig te kontroleer, en om die druk te verlig op die verhoudings van die batekategorieë van die diskontohuise wat deur die herdiskontering van skatkiswissels teweeggebring word.


Staatsfinansies

Lae groeikoers in skatkisuitreikings

In ooreenstemming met die beleid van die regering om die koers van toename in die regeringsuitgawes te beteuel, het die skatkisuitreikings gedurende 1977 met slegs 5,7 persent gestyg, nadat dit in 1976 met 12 persent toegeneem het. Op 'n kwartaalbasis het die uitreikings dieselfde patroon as in 1976 gevolg en in die eerste en derde kwartale gedaal maar in die tweede en vierde kwartale gestyg.

Gedurende die eerste nege maande van die huidige fiskale jaar, d.w.s. die tydperk April tot Desember 1977, was die uitreikings slegs 4,6 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk in 1976. Hierdie toename was aansienlik laer as die 7,8 persent wat in die Begroting vir die jaar in sy geheel verwag is. Gevolglik is die verwagting dat uitreikings in die eerste kwartaal van 1978 taamlik aansienlik sal styg, selfs voordat die

Persentasieverandering* in skatkisuitreikings en inkomste-invorderings




gebruiklike addisionele bewilligings wat deur die Parlement voor die einde van die finansiële jaar goedgekeur word, in ag geneem is.

Laer as verwagte styging in inkomste-invorderings

Gedurende 1977 het die inkomste-invorderings deur die sentrale regering met 12 persent gestyg, vergeleke met 'n toename van 14 persent in 1976. Die ingevorderde inkomstebelasting, uitgesonderd inkomstebelastingbetalings deur goudmynmaatskappye, het gedurende 1977 met 11 persent toegeneem, die laagste persentasiestyging wat in die sewentigerjare aangeteken is. 'n Laer koers van toename in die belasting betaal deur nie-mynboumaatskappye was grotendeels vir die betreklik lae koers van toename in hierdie inkomstekategorie verantwoordelik. Daarbenewens het die inkomstebelastingbetalings deur individue ook teen 'n laer koers toegeneem. Die ontvangste vanaf goudmyne in die vorm van inkomstebelasting en mynhuurkontrakte het in die eerste helfte van 1977 voortgegaan om te daal en alhoewel hierdie neiging in die tweede helfte van die jaar vanweë 'n hoër koers van toename in die prys van goud omgeswaai het, het hierdie bron van inkomste gedurende die jaar in sy geheel gedaal.

Ná die instelling van 'n bo-belasting van 15 persent op sekere kategorieë ingevoerde goedere, het die ontvangste aan doeaneregte aansienlik gestyg. Vir die jaar 1977 was hierdie ontvangste 67 persent hoër as in die voorafgaande jaar, maar as gevolg van 'n daling in invoere was die opbrengs nogtans kleiner as wat verwag is. Die invorderings van aksyns- en verkoopreg

Inkomste-invorderings



Inkomste-invorderings – Staatsinkomstefonds

	Kalenderjare		Fiskale jare					
	1976	1977	1976/77		1977/78			
			Jaar	April-Des.	Begrotingsdata, jaar		April-Des.	
	R miljoene	R miljoene	R miljoene	R miljoene	R miljoene	% verander	R miljoene	% verander
Doeane-, aksyns- en verkoopreg¹								
Doeanereg	345	575	324	251	741	128,7	502	100,1
Aksynsreg	780	855	834	616	894	7,1	636	3,4
Verkoopreg	267	308	273	207	337	23,3	242	16,8
Totaal	1 392	1 739	1 432	1 073	1 972	37,7	1 380	28,6
Binnelandse inkomste								
Inkomstebelasting (uitgesonderd betalings deur goudmyne)	3 278	3 628	3 395	2 320	3 822	12,6	2 553	10,0
Betalings deur goudmyne	457	371	408	310	560	37,2	273	-12,1
Ander ²	1 114	1 247	1 145	781	1 195	4,4	884	13,2
Totaal	4 849	5 246	4 948	3 411	5 577	12,7	3 710	8,7
Totale inkomste	6 241	6 985	6 379	4 485	7 548	18,3	5 090	13,5

1. Sluit invorderings ten opsigte van betalings aan aangrensende gebiede kragtens doeanebereenkomste in.

2. Om vergelykbaarheid van gegewens te verseker, sluit hierdie pos rentebetalings deur die Suid-Afrikaanse Spoorweg-administrasie in maar nie rente- en delgingsbetalings deur provinsiale administrasies nie.

het ook teen 'n betreklik lae koers toegeneem, wat die slapte van die binnelandse vraag weerspieël het.

Soos in die bygaande tabel getoon word, het die invorderings van inkomste gedurende die eerste nege maande van die fiskale jaar teen 'n laer koers gestyg as wat in die Begroting vir die fiskale jaar in sy geheel verwag is, naamlik met 13 persent teenoor 'n begrotingsyfer van 18 persent. Die meeste inkomste-poste het nie daarin geslaag om die koerse van toename te bereik wat in die begrotingsramings voorsien is nie.

Skatkistekort hoofsaaklik uit binnelandse nie-bankbronne gefinansier

Die tekort op die Skatkisrekening (uitgesonderd lenings en skulddelging) het in 1977 R1 728 miljoen beloop. Vanweë die betreklik lae koers van toename in die skatkisuitreikings gedurende die jaar, was die tekort egter bykans R209 miljoen minder as in 1976.

By die finansiering van die tekort het die regering daarin geslaag om die meeste van die benodigde fondse by binnelandse nie-bankbronne te leen. Deur middel van 'n aantal goed ondersteunde effekte-uitgiftes, wat deur suksesvolle uitgiftes van nie-bemerkbare effekte en verpligte leningsheffings aangevul is, is 'n bedrag van R1 069 miljoen, of 62 persent van die skatkistekort, van die private nie-banksektor verkry. Daarbenewens is 'n netto bedrag van R299 miljoen deur die Staatskuldkommissarisse in staatskuldbewyse belê.

Nieteenstaande hierdie geslaagde nie-bank-lenings-bedrywighede, het die Tesourie se netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor nogtans met R384 miljoen gestyg. Hierdie syfer, wat slegs 22 persent van die skatkistekort verteenwoordig het, het bestaan uit 'n

toename van R464 miljoen in die monetêre banksektor se besit aan staatskuldbewyse en 'n gedeeltelik neutraliserende styging van R81 miljoen in skatkis-deposito's. Gedurende 1976 het die netto skuldposisie van die Tesourie teenoor die monetêre banksektor met R487 miljoen toegeneem.

In teenstelling met die voorafgaande jaar toe 'n netto bedrag van ongeveer R450 miljoen (insluitende trekkings van R391 miljoen by die Internasionale Monetêre Fonds) van die buitelandse sektor geleen is, het die regering gedurende 1977 in werklikheid sy buitelandse skuld met R24 miljoen verminder. Die buitelandse lenings wat gedurende 1977 aangegaan is, het 'n verdere trekking van R78 miljoen by die Internasionale Monetêre Fonds ingesluit, wat beteken het dat die regering gedurende die jaar in werklikheid R102 miljoen aan buitelandse skuld terugbetaal het.

Nuwe effekte-uitgiftes

Tussen 1 en 8 Februarie 1978 is twee effekte-uitgiftes vir openbare inskrywing beskikbaar gestel. Die korttermyn-uitgifte het 'n opbrengskoers van $8\frac{3}{4}$ persent aangebied en aansoeke ten bedrae van R72 miljoen getrek, waarvan R69 miljoen van die monetêre banksektor en R3 miljoen van die private nie-banksektor afkomstig was. Die langtermyn-effekte-uitgifte van $10\frac{3}{4}$ persent, wat 'n verdere uitgifte van die effekte was wat reeds in November 1977 vir inskrywing beskikbaar gestel is, het aansoeke ter waarde van R88 miljoen, uitgesonderd inskrywings deur die Staatskuldkommissarisse, ontvang. Die aansoeke deur die monetêre banksektor vir hierdie uitgifte het R13 miljoen bedra, terwyl die private nie-banksektor, hoofsaaklik versekeraars en pensioenfondse, vir 'n bedrag van R75 miljoen ingeskryf het.

Skatkisfinansiering

R miljoene

	1976	1977				Totaal
		1ste kw.	2de kw.	3de kw.	4de kw.	
Tekort (uitgesonderd lenings en skulddelging)	1 936	92	816	130	689	1 728
Gefinansier deur:						
Binnelandse nie-bankbronne:						
Staatskuldkommissarisse	227	-108	312	70	25	299
Betaalmeestergeneraal	-120	—	—	—	—	—
Private sektor	891	71	148	444	406	1 069
Totaal	999	-37	461	514	431	1 368
Monetêre banksektor:						
Verandering in skuldbesit	565	22	55	335	52	464
Verandering in deposito's ¹	-77	93	286	-721	261	-81
Totaal	487	115	341	-386	313	384
Buitelandse sektor	450	14	15	2	-54	-24
Totale finansiering	1 936	92	816	130	689	1 728

1. Toename —, afname +

Spoorwegbegroting

Op 1 Maart 1978 het die Minister van Vervoer die 1978/79-Begroting van die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie by die Parlement ingedien. Gedeeltelik as gevolg van die voortgesette trae ekonomiese toestand sal die inkomste gedurende die lopende finansiële jaar wat op 31 Maart 1978 eindig, laer wees as wat oorspronklik beraam is. Aan die ander kant is aansienlike besparings in besteding gedurende die jaar bewerkstellig en daar word verwag dat die 1977/78 finansiële jaar met 'n surplus van R34 miljoen afgesluit sal word. 'n Surplus van slegs R134 000 is in die 1977/78-Begroting in die vooruitsig gestel.

Teen die bestaande tariewe word inkomste gedurende die 1978/79 finansiële jaar op R2 880 miljoen geraam en dit word verwag om R242 miljoen minder te bedra as die verwagte totale besteding van R3 121 miljoen. Om hierdie tekort te dek is 'n wyë reeks tariefverhogings aangekondig. Hierdie verhogings, wat gemiddeld 8,6 persent bedra, sal met ingang 1 April 1978 in werking tree en 'n bykomende inkomste van R241 miljoen lewer. Daar word derhalwe verwag dat die 1978/79 finansiële jaar met 'n tekort van R168 000 afgesluit sal word.

Die Poskantoorbegroting

Toe hy die 1978/79-Begroting van die Department van Pos- en Telekommunikasiewese op 13 Maart 1978 ingedien het, het die Minister van Pos- en Telekommunikasiewese verklaar dat alhoewel net 40 persent van die Department se besteding uit eie bronne gefinansier kon word en dat aansienlike verliese op sekere dienste gely word, daar besluit is om nie tariewe op hierdie stadium te verhoog nie. Gedurende die lopende finansiële jaar wat op 31 Maart 1978 eindig word verwag dat die totale bedryfs- en kapitaalbesteding en inkomste effens meer sal styg as wat in die vooruitsig gestel is. In die 1978/79-Begroting word beraam dat die bedryfsuitgawe met 13 persent sal toeneem tot R693 miljoen en kapitaalbesteding met 22 persent tot R317 miljoen. Inkomste word beraam op R744 miljoen, of 10 persent meer as in 1977/78. Gedurende 1978/79 sal bykans 60 persent van die kapitaalbesteding deur middel van lenings gefinansier word en die saldo sal verkry word uit bedryfsurplusse, voorsiening vir waardervermindering en geld wat in die Posspaarbank belê word.


Kapitaalmark

Verruiming in die mark vir vaste-rentedraende effekte

Die stram toestand wat regdeur 1976 en die eerste twee maande van 1977 in die mark vir vaste-rentedraende effekte geheers het, het gedurende die oorblywende tien maande van die jaar merkbaar verruim, nieteenstaande 'n aansienlike toename in die vraag na nuwe fondse. Die netto nuwe uitgiftes van bemerkbare effekte deur die openbare sektor, uitgesonderd die toename in die betrokke leners se besit aan hul eie effekte, het gedurende 1977 byvoorbeeld R2 083 miljoen bedra, vergeleke met R1 163 miljoen in 1976. Die sukses van die openbare sektor met die verkryging van fondse in hierdie mark was toe te skryf aan die betreklik beperkte bedrag aan fondse wat deur die private sektor benodig was, die verhoging van die wetlike verpligting van finansiële instellings om groter beleggings in prima- en semi-prima-effekte te hou, en die verwagtings van beleggers dat die opbrengskoerse op effekte afwaarts aangepas sou word. Die nuwe uitgiftes van vaste-rentedraende effekte deur maatskappye in die private sektor wat op die effektebeurs genoteer is, het gedurende 1977 R190 miljoen bedra.

Die verruiming van die toestand in die mark is in laer opbrengskoerse op vaste-rentedraende effekte weerspieël. So het die opbrengskoerse op nuwe

Opbrengskoerse op vaste-rentedraende effekte



langtermynuitgiftes van die hoogste graad semi-prima-effekte gedurende Februarie 1977 'n hoogtepunt van 12,98 persent bereik en daarna met 1,18 persentasiepunte gedaal tot 'n vlak van 11,80 persent aan die einde van 1977. Insgelyks het die opbrengskoers op nuwe uitgiftes van maatskappyskuldbriewe van 14,0 persent in Maart 1977 tot 13,0 persent aan die einde van die jaar gedaal. Die opbrengskoers op nuwe uitgiftes van langtermynstaatseffekte het vanaf September 1976 onveranderd op 11,0 persent gebly totdat dit aan die begin van November 1977 tot 10,75 persent verlaag is. As gevolg van hierdie veranderings, het die marge tussen die opbrengskoerse op langtermynsemi-prima- en prima-effekte vanaf 1,98 persent in Februarie 1977 tot 1,05 persent aan die einde van die jaar vernou. Hierdie gaping was slegs effens groter as die

gemiddelde marge van 0,97 persent gedurende die voorafgaande vyf jaar.

Die ruimer toestand in die mark vir vaste-rentedraende effekte het gedurende die eerste twee maande van 1978 voortgeduur en die opbrengskoers op nuwe uitgiftes van langtermynsemi-prima-effekte het in Februarie verder gedaal tot 11,58 persent.

Algemene herstel in aandelepryse en effektebeursomset


Die afwaartse beweging van die pryse van die meeste klasse aandele het gedurende die eerste helfte van 1977 voortgeduur, maar gedurende die tweede helfte van die jaar het die aandelepryse opmerklik herstel. Die aandeleprysindeks, wat alle aandele wat op die effektebeurs genoteer word insluit, het gedurende die eerste ses maande van 1977 met 6 persent gedaal voordat dit gedurende die tweede helfte met 21 persent gestyg het. In Desember 1977 was die aandelepryse gemiddeld 14 persent hoër as in Desember 1976. In vergelyking hiermee het die pryse van goudmyn-, steenkoolmyn- en ander metaal- en mineraalaandele met onderskeidelik 17 persent, 13 persent en 31 persent gestyg. Die finansiële aandelepryse het 'n toename van 14 persent getoon en die stadigste styging is getoon deur die nywerheids- en handelsaandelepryse, wat met 5 persent gestyg het. Hierdie verstewiging is in Januarie 1978 voortgesit maar aandelepryse het in Februarie oor 'n breë front gedaal en die pryse van alle klasse aandele was gemiddeld ongeveer 3 persent laer as in Januarie.

In ooreenstemming met die styging in die aandelepryse, het die gemiddelde dividendopbrengskoers op alle klasse aandele van 9,53 persent in Desember 1976 tot 7,96 persent in Desember 1977 gedaal. Die omgekeerde rendementsgaping tussen aandele en langtermynstaatseffekte het van 1,47 persent in Desember 1976 tot 2,79 persent in Desember 1977 vergroot.

Die verbetering in die toestand op die effektebeurs is ook in 'n hoër vlak van die effektebeursomset weerspieël. Die aantal aandele wat gedurende die tweede helfte van 1977 verhandel is, was gemiddeld 21 persent hoër as gedurende die eerste helfte, en die omset gedurende die jaar in sy geheel was 8 persent hoër as in 1976. Gedurende Januarie 1978 het die aantal aandele verhandel 'n verdere styging getoon maar gedurende Februarie opmerklik gedaal.

Die effeketrusts het vir die sewende opeenvolgende jaar 'n uitvloeiing van fondse ondervind. Die netto terugkope van onderaandele het R9 miljoen bedra, vergeleke met R8 miljoen gedurende 1976. Ten spyte van hierdie uitvloeiing, het die styging in die aandelepryse die markwaarde van die trusts se netto bates gedurende 1977 met R42 miljoen, tot 'n vlak van R325 miljoen aan die einde van die jaar, laat styg. Die netto uitvloeiing van fondse is in Januarie 1978 voortgesit toe die netto terugkope van onderaandele R2 miljoen bedra het.

Netto uitgiftes van bemerkbare effekte uitgesonderd leners se besit aan eie effekte



Seisoensaangesuiwerde beweging van langertermynfondse na deposito-nemende en verwante instellings en staatspaarfasiliteite
R miljoene

	1976	1977				
	Jaar	1 ste kw.	2de kw.	3de kw.	4de kw.	Jaar
Toename in bouverenigingaandele en -deposito's	574	130	136	153	160	579
Toename in spaar- en langtermyndeposito's by bankinstellings	286	198	138	66	261	663
Netto belegging in deelnemingsverband-skemas	64	-8	10	8	4	14
Netto belegging in Posspaarkbank en Nasionale Spaarsertifikate	183	56	61	52	42	211
Netto belegging in Tesourie-obligasies	5	—	6	48	73	127
Totaal	1 112	376	351	327	540	1 594

Toename in die beweging van langertermynfondse na depositonemende en verwante instellings en staatspaarfasiliteite

Die beweging van langertermynfondse na depositonemende en verwante instellings en staatspaarfasiliteite wat gedurende die tweede helfte van 1976 toegeneem het, het gedurende die eerste drie kwartale van 1977 min of meer op die hoër vlak gebly. Gedurende die vierde kwartaal het hierdie beweging van fondse opvallend verder toegeneem en vir die jaar in sy geheel was dit 43 persent hoër as in 1976. Hierdie groter beweging was die opmerklikste in die geval van bankinstellings en die staatspaarfasiliteite (Poskantoorfasiliteite uitgesluit). Matiger toenames het in die geval van die bouverenigings en die Poskantoorpaarfasiliteite voorgekom. Die beweging van fondse na die deelnemingsverband-skemas het gedurende 1977 op 'n lae vlak gebly en het in vergelyking met die voorafgaande jaar 'n daling getoon.

Die seisoensaangesuiwerde beweging van fondse na die bouverenigings was gedurende Januarie 1978 op ongeveer dieselfde vlak as die maandelikse gemiddelde vir die vierde kwartaal van 1977, maar die beweging van langertermynfondse na die monetêre bankinstellings was heelwat hoër as die reeds hoë maandelikse gemiddelde gedurende die laaste kwartaal van 1977.

Laer vlak van bedrywigheid in die verband- en vaste eiendomsmark

In teenstelling met die ander afdelings van die kapitaalmarkt, het die bedrywigheid in die verband- en vaste eiendomsmark nie gedurende 1977 toegeneem nie. Nuwe verbandlenings toegestaan deur die bouverenigings het gedurende 1977 R910 miljoen bedra, of 15 persent minder as die ooreenstemmende bedrag van R1 070 miljoen vir 1976. Die bedrag wat gedurende 1977 in werklikheid aan nuwe verbande uitbetaal is, het R986 miljoen beloop, wat ook minder was as die ooreenstemmende bedrag van R1 199 miljoen gedurende die voorafgaande jaar. Die bedrag wat deur die deelnemingsverband-skemas aan nuwe verband-

Bouverenigings



lenings uitbetaal is, het ook afgeneem, naamlik van R145 miljoen in 1976 tot R90 miljoen in 1977.

Die bedrag van die fondse wat die bouverenigings gedurende 1977 aan nuwe verbandlenings toegedeel het, is beïnvloed deur hul verpligting om 'n minimum bedrag aan voorgeskrewe beleggings in stand te hou, ná die herinstelling van die voorgeskrewe beleggingsvereistes vir bouverenigings in die 1977/78-Begroting. Die verenigings se besit aan voorgeskrewe beleggings

(insluitende likwiede bates), wat gedurende 1976 met R96 miljoen en gedurende die eerste kwartaal van 1977 met 'n verdere R8 miljoen gedaal het, het gedurende die daaropvolgende nege maande met R122 miljoen toegeneem.

Die bedrywigheid in die vaste eiendomsmark het gedurende 1977 op 'n lae vlak gebly. Die waarde van die vaste eiendomstransaksies gedurende die jaar was 15 persent laer as in 1976.